AARDRYKSKUNDE HG VRAESTEL 1 NOVEMBER 2007

ALGEMEEN

Die eksaminering van Hoërgraad gaan meer as om slegs feite as respons te vra. Daar word vereis dat afleidings vanaf diagramme, tabelle of statistiek gemaak word.. Dikwels word daar vereis dat scenarios, deur die eksaminator geskep, verduidelik word i.p.v. slegs 'n eenvoudige beskrywing daarvan te gee. Dit beteken dat vrae deeglik gelees en verstaan moet word. Dit was duidelik in talle vrae dat kandidate nie die vrae deeglik genoeg gelees het nie en daarom verkeerde antwoorde verskaf het.

Terwyl die beginsels van Fisiese Aardrykskunde redelik konstant bly, word Nedersettings- en Streeks-aardrykskunde vinnig in ons ontwikkellende land verander. Daarom is dit belangrik dat opvoeders op datum moet wees met die veranderings die afgelope paar jare. Opvoeders moet bronne soos koerante, joernale, Business Times en Financial Mail, wat op datum is bekom, en in veral Hoër Graad lesse aanwend. Kandidate moet ook op datum wees ten opsigte van nuwe plekname, handelstatistiek, die rol van goud, platinum en olie in ons ekonomie.

SPESIFIEKE VRAE

Vraag 1

Hierdie vraag was die mees gewilde vraag in die eksamen.

- In die geheel was die vraag goed beantwoord, veral 1.2 – die sinoptiede weerkaart
- Vraag 1.2.4 oor tropiese siklone was ook goed beantwoord. Van die leerders het (e) verkeerd interpreter toe hulle nie die gevolge van tropiese siklone op die inwoners toegepas het nie.
- In hierdie vraestel was daar van die leerders verwag om hulle Geomorfologiese kennis in die vorm van diagramme uit te druk. Die meeste van hierdie vrae was swak beantwoord. Opvoeders moet leerders aanspoor om eenvoudige diagramme te teken, i.p.v. om fotostatiese afdrukke van Geomorfologiese diagramme te verskaf sodat tekenvaardighede ontwikkel kan word. Dit moet as 'n poging beskou word om kreatief te wees en om 'n meer realistiese beeld van stroomroof, hange of enige ander Geomorfologiese konsepte voor te stel.

Vraag 2

Hierdie vraag was nie baie gewild nie.

- Inversies(2.2) was die groot probleem in hierdie vraag. Opvoeders moet seker maak dat leerders oor 'n deeglike kennis van inversies tydens somer- en wintertoestande beskik. Leerders moet ook hierdie toestande kan teken.
- Baie leerders het nie die konsep, humiditeit(2.3.3) verstaan nie, en het gesukkel om te verduidelik waarom stede 'n hoër reënval ervaar.
- Vraag 2.4.2 in verband met hange was goed beantwoord.
- Van die leerders het gesukkel om Ekologie konsepte in nuwe situasies toe te pas.

Vraag 3

- Vraag 3.2.1 was goed beantwoord
- Die meeste van die kandidate het nie die konsepte nat- en droëpunt nedersettings (3.2.4) verstaan nie en kon ook nie die vorm van die plase in dieselfde vraag beskryf nie. Hierdie vraag het ook in verlede jaar se vraestel verskyn.

- Stedlike nedersetting was swak beantwoord. Leerders sal altyd met hierdie afdeling sukkel indien hulle nie met die basiese konsepte in hierdie afdeling bekend is nie.

Vraag 4

Hierdie ongewilde vraag het die meeste probleme veroorsaak.

- Soos in Vraag 3 genoem, is dit baie moeilik om hierdie vraag aan te durf sonder die nodige kennis van die basiese konsepte
- Die vraag oor landelike ontvolking is goed beantwoord.
- Industriële parke en grondgebruiksones was egter swak beantwoord.
- Leerders kon nie die spotprent in 4.5.1 interpreteer nie. Baie oefening moet aan leerders gebied word om ‘n verskeidenheid van spotprente en diagramme te interpreter.

Vraag 5

- Oor die algemeen was die vraag goed beantwoord.. Dit was teleurstellend om te besef dat kandidate gesukkel het om vrae rakende die oseane en seestrome op die kaart van Suid-Afrika toe te pas. Baie leerders beskik nie oor die basiese kennis van die kaart van Suid-Afrika nie.
- Vrae oor landbou was goed beantwoord.
- Kandidate het ‘n oor ‘n redelike kennis van die bevolkingsverspreiding van Suid-Afrika beskik.

Vraag 6

- Sien kommentaar rakende die kaart van Suid-Afrika in Vraag 5
- Omgewingsprobleme op die Karooplaas was swak beantwoord. Hierdie vraag het ook ‘n kennis van ekologie geverg.
- Vrae rakende mynbou was goed beantwoord.
- Kandidate het gesukkel om trekarbeider te definieer asook om die gepaardgaande vrae te beantwoord.
- Vraag 6.5.1 i.v.m. industriële groei was swak beantwoord.